

14 Junie

Skrifgedeelte: Prediker 3:1-17 (NAV)

Fokusgedeelte: Prediker 3:11

God is groter as tyd

Tyd raak ons almal. Die prediker skryf hier oor iets wat niemand van ons verbygaan nie. Ons lees in vers 1: “Elke ding het sy vaste tyd ...” Dit raak ons as ons sien dat ons ouer word, om ons kinders te sien grootword, om ‘n nuwe skooljaar te begin en om siekte en dood rondom ons te sien. Tyd raak ons lewens en ons kan nie daarvan loskom nie. In ons fokusgedeelte lees ons dat God elke ding so gemaak het dat dit in ‘n bepaalde tyd pas, maar Hy het ook aan die mens ‘n besef gegee van die onbepaalde tyd. Hieruit is dit duidelik: God is groter as tyd. Hy het tyd gemaak en Hy is dus nie aan tyd gebind nie. Tyd kan Hom nie beperk nie. Die mens is dus bepaald (in God se tyd), maar God is onbepaald, vas en onveranderlik. Wat Hy doen, is blywend. God is nie in ons lewens besig met dinge wat kom en sommer weer verdwyn nie. Hy is ook in ons menslike verganklikheid met blywende dinge besig. So is alles wat God vir ons in Christus gedoen het, blywend. Ons verlossing, bewaring, versorging, redding, leiding wat ons ontvang – ja, alles wat God doen – is blywend en nie gebind aan tyd nie. Ons moet dus lewe soos mense wat in Christus vrygemaak is van die tyd. In ons bepaalde tyd het Christus ons vrygemaak sodat ons nie meer slawe van die tyd is nie. Laat die Heilige Gees jou dan lei om al jou tyd te gebruik tot sy eer, en mag Hy jou daarvan bewaar om ‘n slaaf te word van die bepaalde tyd.

Sing: Psalm 118:1 Ds JG Noëth (Wolmaransstad)